Two new media have been launched in the three months before SMF's publication, Power FM, a talk radio station and **Bella**, a new Afrikaans women's glossy. **Nthabeleng Mzizi** asks who is starting out in these trying times.

Sitting on the magazine stand between copies of this week's *You* and the newest edition of *Sarie* is a brand new magazine. Simple in its cover, the magazine disappears in the fight for space on the small magazine rack. One would barely notice it even if you tried.

Bella is the newest magazine to enter the women's magazine market. On the cover, actress and model Zetske van Pletzen stares out suggestively, enticing women standing at shopping tills to buy the magazine.

"Wees die mooiste jy!" sits at the top of the masterhead and headlines such as "Embrace jou Seksualiteit" and "Gidse wat jy moet versamel" vie for your attention on either side of the cover. The magazine includes columns by actors Alrus Theart and Diaan Lawrenson.

The unexpected birth of a new women's magazine contradicts the death knell that has been sounded for print media.

Bella magazine is not the only new player to venture into media this year. On the frequency 98.7 in Gauteng, you can now tune into Power FM, where you can hear the voices of Eusebius McKaiser, previously from Talk Radio 702, Lerato Mbele, who presented Newsday for the BBC, and Pabi Moloi, previously from Highveld Stereo.

Power FM is mainly personality

driven, with 70% of airtime devoted to talk radio. The star-studded presenter line-up proves this. Radio hosts who have enjoyed a significant break from the airwaves, Tim Modise, Lawrence Thabane and Paul Mnisi, are now presenting on the station.

ACCORDING TO the Audit Bureau of Circulations of South Africa, circulation for consumer magazines stood at over 6 million for the first quarter of 2013. The economic performance of magazine publishers relative to the performance of the economy declined.

Women's magazines have declined by 2% annually, meaning that a total of 186 000 copies have been lost by women's magazine publishers since 2009.

These circulation figures sketch a bleak picture for the consumer magazine industry. The question remains: why would one begin to publish a women's interest magazine when the magazine market is performing badly?

This is a question that Magdie Raats, editor of *Bella*, has to answer. *Bella* is an Afrikaans women's magazine, has been in stores since August. But what makes it different from other magazines competing in the magazine industry?

"*Bella* is an Afrikaans glossy magazine for women between the ages of 20 and 35. We are targeting an Afrikaans market that has not been catered for

yet."

With articles such as "Versterk só jou verhouding met jou kleuter", "Skat, kan ons 'n baba kry?" and an eight page special on weddings, it is clear who *Bella*'s target market is: the young woman who is concerned with marriage, children, looking and feeling good.

According to the editor, the women in their market are faced with life-changing decisions and need the support and advice that *Bella* will hopefully offer.

In the Afrikaans women's magazine sector, Media24's *Sarie* and Rooi Rose, published by Caxton Media, compete for space on the same supermarket shelves as *Bella*. The competition seems to be tough, but at R26 a copy the new magazine is positioned well in the race for magazine readership; *Rooi Rose* retails at R28.95 and *Sarie* can be purchased for R31.

With this in mind, Raats and her team are aware of the role players that need to be nurtured to make a magazine successful.

"Just like with any new product the biggest challenge is to get readers, advertisers and distributors to take a chance on your brand and to keep them interested."

The challenge of creating a viable media product in South Africa today is not lost on the *Bella* team. Even when bearing the readership,

advertisers and distributors in mind, the threat of bigger, more established companies that have created effective models for magazine publication is all too real.

"Big media companies like Media24 and Caxton make it difficult for independent publishers to penetrate the market, because they are well-established and have good relationships within the industry," says Raats.

Attempting to pull in the readership of different segments of women's interest magazines, *Bella's*

publishers want to compete with magazines specifically geared at the African women's magazine market and the teenage magazine market.

"We have a lot of plans and dreams for the future. We would love to bring out *Bella Black* for the African market and also *Bella Teen* in the near future."

ACCORDING TO the Radio Audience Measurement Survey figures released for the second quarter of 2013, the national weekly reach of Primedia's Talk Radio

702's increased, with an additional 147 000 listeners bringing its total audience to 768 000. SAFM's listenership has grown to a total of 655 000.

These figures indicate that there might be more of a market for talk radio with growth in listenership numbers in both a public and private radio broadcasting entity.

With just as much competition in the talk radio market as in other sectors of the media industry, Ferdinand Mababane, Power FM station manager, states that there is



PHOTOS: Nthabeleng Mzizi

a definite need for more talk radio stations that are diverse in their content and address the current interactive vacuum between South Africans.

Peter Hornung, editor and reporter for NDR (Norddeutscher Rundfunk- North German Broadcasting), says competition among radio stations is getting harder and therefore there is a need for better

on any issue specifically, which often excludes a lot of people."

In a column titled "Open up radio" in *Business Day* on the 20th of June, Anton Harber, professor of media studies at the University of the Witwatersrand, writes: "At the moment there is no space for the small entrepreneur to enter radio: you either have to have a big stash of cash, or grapple with the unworkable

"The only radio licenses we have are big public broadcasting licences, regional commercial licences and community licences for local stations. We can create a lot more opportunities if they allowed for lower power commercial stations."

Low-power commercial stations are radio stations that are run at lower costs than regular radio stations. These radio stations are usually broadcast to smaller areas.

Mabalane shares these views when it comes to radio in South Africa.

"Contrary to popular belief, radio does have high start-up costs. Of course they vary from talk to music stations, as each has its own unique demands. A talk station, for instance, requires a huge investment in both infrastructure and human resources, as these are fundamental to the delivery of high quality and competitive content."

Mabalane recognises that venturing into the talk radio station market is difficult, despite the diversity in the definitions other radio stations use to identify their listenership. Although radio stations believe they are competing in different markets and therefore for different listeners, one listener gained on Power FM is one lost to competing radio stations.

"It is not easy, because talk radio in South Africa is almost non-existent, with only 702 and 567 Cape Talk dominating the space."

Yet Harber says that the presence of Power FM has been beneficial for the radio market.

"It's a new and different voice. In a metropolitan centre like Gauteng it's great for there to be competition in the talk radio market."

Big media companies like Media24 and Caxton make it difficult for independent publishers to penetrate the market

quality radio.

"Radio needs to be creating its own news agenda, strengthening journalistic profiles, credibility and social relevance."

Mabalane echoes the this sentiment when talking about Power FM.

"Power FM is founded on the principles of normal conversations in which South Africans engage on a daily basis, and that is why we are not focused

complexities of community radio, with all its trusts and obligations and regulatory demands and restrictions. How exciting would it be if low-power licences were issued all over the place, allowing small operations to open up and bring more new voices into the field?"


Harber admits that radio has grown a lot since 1994, but that it can open up for even more growth.



THE SOCIAL MEDIA (A)GANG



Never mind posters, next year's election is all about posting... tweets and statuses, that is. **Lauren Voges** finds out how new South African political party Agang is using social media as a campaign tool – and why other parties should like and re-tweet her methods.



Almost every seat in the Endler Hall on the Stellenbosch University campus is occupied. Two thousand pairs of eyes will see Dr Mamphela Ramphele today. Two thousand pairs of ears will hear her speak. Two thousand students may decide to vote for Ramphele's political party, Agang, based on her speech today.

Two thousand votes won't win Ramphele the presidency, 30 000 might bring her closer to it though, and while 30 000 people could not possibly cram themselves into the Endler Hall, they can all follow Agang on Twitter.

Five years ago (perhaps more), political rallies, posters and badges emblazoned with political faces were the way to win an election. But today's techno-savvy crowd respond to hashtags, statuses and followers – badges cannot be liked or re-posted.

Back in the Endler Hall, I've found a seat near the exit where I can just make out the neat figure of Ramphele.

"I'm sure you all share my interest in the election campaign," the microphone booms. A murmur filters through the crowd. The uncomfortable truth for many students is that they (okay, fine ... we) are unconcerned by the elections. There's a prevailing attitude of unsatisfied acceptance that the same party will be re-elected and the same problems will continue to manifest themselves.

The sentiment hasn't escaped Ramphele. She expresses her disappointment at those young people who have abstained from voting because they believe "it won't make a difference". Her gentle chastising makes those people (okay fine ... me) feel guilty about neglecting their democratic duty.

"I have seen how young activists can change South Africa," she says conspiratorially. Her tone seems to urge the group of students seated before her to stand up and join the political realm. And Agang's social media platforms echo Ramphele's invitation to South Africans old and young.

Agang's communications director, Thabo Leshilo, explains that the use of social media is central to any electoral campaign: "When we started Agang, Dr Ramphele knew from the onset that social media would be the way to go. It provides us with the opportunity to

Should social media be a tool for political campaigning?

"We must remember social media (for example Twitter and Facebook) are not as prevalent in South Africa as in the US, where they've changed the landscape in political communication completely."

- DA Social Media Manager, Alex Molteno

"Through social media we can reach thousands. And we feel it is appropriate for us to use it as a campaigning tool because that is how many people use it."

- ANC Head of Communications, Keith Khoza

communicate with all of our supporters, followers and stakeholders the way we want to communicate. For us, social media is a mobilising tool."

Just a click of a mouse or a tap on a touch screen reveals that Facebook, Twitter, Mxit and interactive websites have revolutionised the political campaigning process. Although social media are still relatively new in South Africa, it's not the first time the likes of Facebook have catapulted a politician to the presidency. Just ask Barack Obama.

In her Media Psychology blog, Pamela Rutledge says, "Like JFK was the first president who really understood television, Obama is the first social media president." In her blog, Rutledge demonstrates how using social media was the key ingredient in Barack Obama's winning presidential recipe.

Rutledge reminds us that, in 2008, Obama was the only presidential candidate who made full use of social media, instead of relying on traditional door-to-door methods, in his electoral campaign. "Obama dominated the social media space because his team got how networks work. The real power of social media is not in the number of posts or Tweets but in user engagement measured by content spreadability." While most of South Africa's political parties have joined the Facebook, Twitter, email or Mxit spheres, few of them are using the social media ingredient to elicit "user engagement". Agang is.

The interactive approach that Agang uses means you needn't go and fight for a seat in a stuffy auditorium to hear Ramphele's latest ideas; you can read live tweets on the discussion. You needn't attend one of her public addresses with a desperate hope that in the Q&A session she will notice your hand among all the others – just post your question on Agang's Facebook page. You needn't call a harassed and sharp-tongued personal assistant for information on the campaign – there is a politely worded website stocked with all the information you might need, and a Twitter page managed by several pairs of polite hands.

But, as pointed out by DA social media manager Alex Molteno, Facebook and Twitter do not reach everyone.

While South Africa's youth may be comfortable with Twitter, Facebook and

Our mothers and fathers read newspapers, write letters (some have progressed to emails and SMSes) and listen to the radio – they receive information. We tweet, we share, we like, we post and we follow – we interact with information.

Mxit, the same cannot be said for the older generation in our country. Our mothers and fathers read newspapers, write letters (some have progressed to emails and SMSes) and listen to the radio – they receive information. We tweet, we share, we like, we post and we follow – we interact with information. And social media allows the interaction that the youth thrive on and the older generations frown upon.

Interaction with the youth is exactly what Agang wants. "Our main target is young people. In the last elections, 40% of people who were eligible to vote did not vote. Those young people who did not vote respond to social media." Leshilo's confidence is not the empty kind. He's backed by 50 000 people on the Agang Says Mxit community, 24 000 Facebook likes and 30 000 Twitter followers.

The ANC and DA may have as many Twitter followers as Agang, but Zuma and Zille entered the Twitter sphere long before "Agang" was recognised by Google. As for Facebook – the DA and ANC use this medium as another soapbox.

Leshilo claims this is where Agang is different. "We want to set ourselves apart by being more responsive," he explains. And after comparing the Facebook pages and Twitter feeds of Agang and the DA, it's clear what he means.

While the DA uses Twitter as another podium from which to make announcements, Agang uses Twitter as a means for conversation; followers ask questions and within hours those questions are answered; Agang asks its followers questions and the followers respond with gusto. "We want people to engage on Twitter and on our other social media sites. On Mxit, we will send out messages to the people in our community, like 'What do you think of our policy positions?' and we will attach the policy so that they can look at it and

respond to the question."

The DA and ANC use Mxit in a similar way – but what about their Facebook and Twitter followers? Don't they get to comment on policy positions?

Agang's Facebook followers get to do more than comment on policies. "We had a Facebook chat on the 1st of August. We invited people to join a discussion with Dr Ramphela on Facebook between six and seven pm. We all sat in a room together and looked at the questions and she chose which ones to answer. It's crucial that she does these things herself – people like to connect with her on that level."

Leshilo explains one of the practical reasons for Agang's reliance on social media. "We don't rely on the media to do our work for us. Some of the mainstream media are quite hostile towards us because they think we should have sided with the DA or the ANC. Often they will not report on what we have done unless it's something negative. It can be frustrating not having the mainstream media on our side, but we have our 'media'."

But how effective is Agang's use of 'media' in practice?

I posted a question on Agang's Facebook page ("What is Agang doing to get the youth in South Africa involved in politics?"). Just a few hours later I got a response: "You should definitely volunteer and please spread the word to the youth around your area and everywhere you go. We will be having youth focused marketing to attract respective groups." My query had been heard and I hadn't pulled a muscle trying to put my hand up higher than everyone else's in a crowded auditorium.

I then turned my attention to rival political parties' social media presence. The DA and ANC both have Facebook pages, but as I mentioned, they are soapboxes – not discussion forums.

As if to emphasise my point, the DA's page does not have the option to post a

public message. You can comment on an existing post or send them a private message, but you may not grab hold of the metaphorical microphone yourself.

The ANC's page does allow you to post messages on their page. I posted the same question that I posted to Agang's page. Within two hours of posting, someone had liked my comment. Within two days the microphone had been wrenched from my hands – my post was deleted. After scrolling up and down the page searching for the message posted on September 18th 2013, I found myself wondering, "Am I being censored?"

Both these microphone hoggers have Twitter profiles, DA_news and ANC_live, but with names like that they sound more like loudspeakers than sounding boards.

The head of Agang's social media, Selaelo Manny, explains that there are three people who are responsible for monitoring all activity on social media. "We feed content to our supporters through Facebook and Twitter. We also use our statistics to see what the main languages are of people in different regions of the country. When we send them messages, we send them in the main languages because some people may not be able to understand English or Zulu, for example."

Manny says that social media has been imperative to Agang because it has shaped their brand and set them apart. "Social media has a way of creating a one-on-one feel, it's more personal and people like that."

Despite its flaws, the social media campaign is an enticing one. I'd prefer having my questions answered while I'm in an armchair at home than while I'm standing on tippy-toes in a stuffy auditorium waving my arm frantically to get the speaker's attention. Then again, I can afford a smartphone and airtime – one of Ramphela's fellow "rural daughters of the Limpopo", as she put it, might not have the same luxuries.

WORLD HEADLINES

Caribou births down in Greenland as Arctic ice coverage shrinks

HNGN

02/10/13

Pot vending machines to start rolling into Canada

National Post

17/10/13

The Woolwich 'beheading' is straight out of al-Qaeda's terror manual

The Telegraph

22/05/13

In new poll, Americans blame everyone for government shutdown

Time

08/10/13

UN needs more troops for Mali mission

IOL News

17/10/13

Ecuador scraps plan to block rain forest oil drilling


National Geographic

19/08/13

The dark side of World Cup hosts Brazil: drug cartels, murder and civil unrest

The Mirror

17/10/13



Russia's President Putin warns US over
Syria action
BBC
04/09/13

China budgets funds to cut
air pollution
China Daily
15/10/13

Rape victims suffer in silence
after riots
Hindustan Times

Kenyan soldiers looted Westgate
mall during siege, say traders
Mail & Guardian
01/10/13

Australia's refugee stance
sets 'alarming global precedent'
The Guardian
13/09/13

Al-Zou'bi: Syrian people
will not be defeated
The Syrian Times
4/10/13

Man. Superman.
Gunman
Time front cover
13/03/13

'PRAWN STARS' OP DIE PLATTELAND



Daar is min dinge só sexy soos 'n nat sjokoladekoek of sappige boerewors op die voorblad van 'n tydskrif. Glanspersoonlikhede en skrapsgeklede modelle in die rakke van Shoprite moes opsyskuif vir ouer, meer bekende legendes soos Japie-se-gunsteling en Tant San se koeksisters. **Louzel Lombard** het agter die gordyne van dié sexy Suid-Afrikaanse supersterre gaan loer.

Kosjoernalistiek kort 'n ouderdomsbeperking. Of ten minste ouertoestig. G'n kind onder 13 is geskik om te sien hoe Nigella Lawson 'n onderatehoersketert maak nie.

Die kaalgat-perskes word geskil voordat sy hulle in skywe sny en in 'n pruttende suikerstroop laat lê. Sy probeer tydsam aan 'n skyfie van elke vrug. Die tertdeeg word in ferm, vinnige drukke op die tafel geknie en die eindproduk... hhaaa! hmmm... sal enige etende wese na sy asem laat snak.

Dink daaraan. Amper-oorryp aarbeie met net hul punte in donker karamel gedoop... 'n Sjokolade-fondant, oopgebars met 'n gulsige bol mascarpone daarop geskep. 'n Swaar, donkerbruin druppel heuning wat tydsam oor die kurwe van 'n pers vy streel...

Kos is die nuwe superster. Of, soos die koskenner en -skrywer Errieda du Toit sê, 'n nuwe (sosiaal-aanvaarde) pornoster vir spesifiek Suid-Afrikaanse lesers en kykers. Du Toit sê hoewel "die idee van kospornografie eintlik in die negentigs groot oppraak gewek het", beteken dit op die oomblik vernuwung vir veral Suid-Afrikaanse disae.

Waar Suid-Afrikaanse lesers en kykers

voorheen gesit en kwyl het oor Nigella se perskes, is hulle nou besig om vurige gevoelens teenoor hul eie ou terte te ontwikkel. Outydse melktert was nog nooit so sexy soos nou nie.

VIR 'N KONSERWATIEWE Afrikanernasie wat link skaam moes wees oor hul herkoms en verlede, beteken die bevryding van die melktert en die droë, ou koeksister meer as wat dit onder normale omstandighede sou doen.

"Afrikaners het vir die eerste keer in jare nie meer nodig om skaam te wees oor hul erfenis nie," sê die kos- en kosjoernalistiek-kenner Sonia Cabano. Suid-Afrikaners, en veral Afrikaanse Suid-Afrikaners, het begin ontdooi in die hitte van die kosjoernalistiek-kombuis. Deesdae lê stroopsoet Maleise koeksisters op die voorblaaie van vooraanstaande kospublikasies. Kopers raap dié tydskrifte en sexy resepte op, salig onbewus van die verleidelike happies se verskuilde agenda.

Die 'herontdekking' of aangewakkerde lus vir die koeksister beteken ook as't ware 'n erkenning van die verskillende kultuur-invloede in Suid-Afrikaanse kos.

Peter Goffe-Wood, eienaar van die Kitchen Cowboys-restaurant en een

van die beoordelaars op *MasterChef SA*, sê juis "Suid-Afrika het 'n baie diverse kos-erfenis as gevolg van die magdom kulture wat ons resepteboeke beïnvloed het". Die oorspronklik Maleise koeksister is maar net een.

Dit klink na min, dis immers net 'n koeksister, maar só erkenning was 20 jaar gelede baie onwaarskynlik. Dis 'n hap in die regte rigting.

Cabano sê "Afrikaanse kos is landelike kos, daar is niks, of hoof niks *grand* daaraan te wees nie." En tog sien ons dat dit dié einste landelike kosse is wat nou 'n stuitige streep bygekry het – een waarvoor ons ons lippe aflek.

Afrikaner-dames voel koel en sjiek as hulle polenta met 'n beesvleis-jus (née: pap en sous) vir gaste voorsit.

Ironies? Nie regtig nie.

Cabano is opgewonde oor hoe aanloklik al die kos en verskillende kos-erfenisse in Suid-Afrika begin lyk. Sy sê daar is soveel meer op die Suid-Afrikaanse spyskaart as doodgewone bobotie en boerewors en dat kosjoernaliste én die publiek nou hul palette ontwikkel om al die smake in Suid-Afrika te kan waardeer.

Sy sê dit is te danke aan kosjoernalistiek en -joernaliste dat doodgewone kosse nuwe byt gekry het.

Abigail Donnelly van Woolworths se TASTE-tydskrif se ook Afrikaners is "opsoek na 'n erfenis waarop hulle trots kan wees" en sy voel kos en sensuele samevoeging van verskillende kulturele disse is 'n goeie manier om sulke trots te vestig.

"Kos is die gemaklikste en natuurlikste manier om voorgeslagtelike kennis en vaardighede oor te dra," sonder ons kwade gevoelens daarmee saam te stuur. Vir 'n Afrikaner-boer is daar byvoorbeeld min disse aantrekliker as 'n Engelse ontbyt, ongeag enige negatiewe sentimente wat die bogenoemde boer dalk weens die Boereoorlog kan koester.

Roosterkoek of askoek – die klein vuurgebraaide broodjies wat hul oorsprong in die Transkei het – is vandag een van die mees gesogte bakaels in ons land. Ons eet dit vuurwarm van die rooster af, net soos wat die swart vroue dit in die 80's vir hul kinders in die tuislande bedien het.

DIE BEVRYDING VAN die doodgewone koeksuster beteken ook op 'n manier die bevryding van elke doodgewone koek-suster soos Tant San, wat jare al in 'n kombuis met 'n linoleumvloer staan en inleë en verdroog.

Sy het vir die eerste keer 'n kans om haar voorskoot af te veer en 'n heldin op die voorblad van 'n Sarte NOS of 'n Woolworths TASTE te wees. Sy kan ook nou vir die eerste keer (soos Nigella) kook.

Suid-Afrikaanse disse en hul meesters is besig om 'n sensuele hervorming te ondergaan. En in 'n revolusie waar kos die voorloper is, is oorlog eenvoudig en bevredigend. Daar is geen rede meer om jou onderklere te verbrand soos in die 60's nie. Juis gerus eerder die balaag van jou crème brûlée en vofsa!

En Toit se juis "ons leef nie meer in die tyd van oorlogselde nie. Ons het begin soek na nuwe helde en hulle gevind in die gewone mense – die luere en die huisvroue" (Boerewors was nog nooit)



PHOTOS: Marianne Potgieter

só aantreklik nie...) "As jy deesdae 'n groentetuin kan onderhou, is jy ook 'n held."

Dit is nie net goed vir tydskrif-verkope nie, dit is ook goed vir plaaslike produkte en volhoubaarheid.

DONNELLY SÊ OMDAT eet só 'n noodsaaklike deel van menswees is, het dit die vermoë om verskillende vlakke in die samelewing gelyk te maak. "Jy kan dit byvoorbeeld nie met mode-media of ander teiken-gerigte sensuele of aanloklike media vergelyk nie. Kos en kosjoernalistiek is toeganklik en terselfdertyd ook bewonderenswaardig en sexy."

Donnelly sê ook kosjoernalistiek, en die voorbeelde wat dit voorhou, al meer toeganklik word. "Anders as in die negentigs, toe kospornografie regtig tot op en oor die rand gedryf is, is dit deesdae beter om kos aanloklik én realisties te laat voorkom."

Goeie kosjoernalistiek is geloofwaardige kosjoernalistiek. As die roosterbrood op die voorblad effens gebrand is, stoot dit sirkulasiesyfers op.

Vroeër is daar tot ekstreme gegaan om kos ongelooflik mooi te laat lyk. Herman Lensing, die redakteur van *Sarie KOS*, sê byvoorbeeld dat kosstilleerders "vroeejare melk met houtlym vervang het omdat dit beter in 'n bakkie plastiek post-roasties gelyk het".

Maar nie meer vandag nie.

Hoewel die visuele aspek van kosjoernalistiek steeds baie belangrik is, het dit makliker geword om goeie foto's te neem sonder om te kroek: "Ons leef in 'n uiters visuele era," sê Lensing. Of dit nou lamshoude of modelhoude is, hulle moet sexy wees. "Maar gelukkig het ons deesdae baie meer beheer oor digitale materiaal. Jy kan steeds die sensuele foto's neem sonder om 'n Photoshop-katalogus te publiseer."

"Dit is ook winsgewend om gelootwaardige foto's en resepte te gebruik. Mense koop die tydskrifte en kry dieselfde begeerlike resultate in hul eie kombuise as wat hulle op die voorblaaie sien. "Dit is goed vir besigheid," sê Lensing.

Klaarblyklik. *Sarie KOS* se sirkulasiesyfers is tans byna 50 000 sterk. Ook die betreklike nuwe Woolworths *TASTE* flirt met 'n leserstal van 40 000. Nie te sleg nie. Om nie eers die getroue kykers van



TV-kosjoernalistiek-programme soos *Masterchef* en *Kokkedoor* te noem nie.

Kokkedoor, die nuwe Afrikaanse kookprogram wat vroeër vanjaar op kykNET uitgesaai is, dien opsigself as voorbeeld van die nuwe oemf wat oudtydse Suid-Afrikaanse kookkuns ervaar. Die program was daarop uit om klassieke ou geregte – wat hulle 'onthoukos' gedoop het – te omskep in sexy, snak-na-jou-asem-geregte wat op internasionale etenstafels voorgesit kon word.

Dit het met lot geslaag; sago-poeding sal nooit weer herinner aan laerskoolkoshuis-oorskietkos ná wat die wenner van *Kokkedoor*, Tiaan Langernegger, se interpretasie daarvan opgelewer het nie.

Maar daar was meer as net sago-poeding sukses aan *Kokkedoor*. In die strewe om Suid-Afrikaanse kos sexy te maak, het daar ook 'n ander alchemie in die kombuis begin. Om te sien hoe 'n gemeenskaplike respekt en liefde vir kos van iemand soos tannie Popple Coetzer van Kriel en Henry Olivier, 'n ongeskoolde man van Prins Albert, goeie vriende kon maak, spreek boekdele.

Peter Goffe-Wood is heeltemal reg as hy sê "dit is 'n goeie ding dat kosjoernalistiek nou deel vorm van die hoofstroom Suid-Afrikaanse kultuur".

DONNELLY SÊ EGTER sy voel nie gemaklik om die huidige kossenaaste as 'kospornografie' te klassifiseer nie, juis

omdat "die nuwe in-ding heilsaamheid is. Heilsaamheid is deesdae sexy," sê sy. "En tradisionele disse wat aanloklik gemaak word, ontken 'n nostalgiese gevoel by die kykers, sonder om oudtyds of, soos die term 'pornografie' impliseer, eksplisiet en norbodig te wees."

R.B. Myers, die Amerikaanse skrywer van *A Reader's Manifesto*, stem nie saam nie. Hy skryf in 'n artikel op *TheAtlantic.com* dat "die gefuif rondom kos niks anders as vraatsugtigheid is nie".

Myers het 'n punt beet. Enige opgewondenheid en borrelde passies loop uiters na die gevaar om in 'n ongesonde obsessie te verander. En in dié geval is dit veral maklik om jou vingers te verbrand.

Tog sê Goffe-Wood dat Myers se opinie een van vele ander veralgemenings is, wat kenmerkend konserwatiewe samelewings dikwels maak. "Dis merkwaardig dat slegs Amerikaanse en Britse kosskrywers 'n liefde vir kos as vraatsug uitmaak." Dit is dié samelewings wat gewoonlik wellus en vraatsug verwar.

Goffe-Wood sê dis " 'n Calvinistiese agtergrond wat mense maan om die viering van kos as vraatsug te sien. Maar daai oortuiging het niemand al ooit veel gehelp nie".

Herman Lensing stem saam. "As die liefde vir kos wat ek ervaar vraatsug is, is ek verseker die grootste vraat van almal!"

PETROLPRYS: WORD DAAR GEKONKEL?



BUOTO: Gysbert Visser

rooi elke keer as die petrolprys styg, omdat hulle dan minder geld het om te bestee.

Weens die alewige verhogings beweert talle Suid-Afrikaners die petrolprys word op 'n onbillike wyse vasgestel. Sommige mense beweert selfs dat die regering die petrolprys misbruik om sy staatkoffers aan te vul vir spandabelrige wanbesteding.

Carin Smith, verslaggewer by *Fin24*, sê sy dink mense bevraagteken die belasting op petrol, omdat daar juis soveel ander belastingbronne is. "Die publiek wil weet waarheen hul geld gaan."

**Die publiek
wil weet
waarheen
hul geld
gaan**

Smith sê mense lees die graagste oor enigiets wat hul sakke raak, soos die petrolprys. Op die internet is daar vir elke berig oor die petrolprys gewoonlik 'n versameling samesweringsteorieë in die kommentaarblaaie te vinde.

HIERONDER VOLG 'n paar sulke kommentare op 'n *Fin24*-berig (gepubliseer op 2 Augustus 2013) oor die verwagte petrolprysverhoging: "Ons word om die bos gelei. Hierdie [styging] is niks meer as 'n korrupte manier om



Talle Suid-Afrikaners twyfel oor die die petrolprys-formule. Gerrit van Rooyen stel ondersoek in na die media se pogings om hierdie onkunde reg te stel.

Indien jy op 'n Dinsdagaand 'n lang ry motors voor 'n vulstasie gewaar, weet jy één ding: Mōre gaan die petrolprys styg.

Om middernag 7 Augustus het die petrolprys met 32 sent gestyg – die sesde keer in 2013 dat motoriste se beursies

deur 'n petrolprysverhoging geruk word. Teen druktyd was die verwagting dat die petrolprys later vanjaar tot 'n rekord-hoogte van R14 per liter kon styg.

Petrol is die lewensbloed van die ekonomie – feitlik alle pryse word deur die petrolprys geraak. Verbruikers sien

te betaal vir vlugte na Nkandla toe nie," skryf Debbie du Plessis.

"Hoekom [het die prys gestyg]? Het die rand verswak? Dit was sterker toe ek laas gekyk het," skryf Bobbie Booysen.

In reaksie hierop skryf Robin Smith: "Die ANC kort geld vir sy verkiesingskoste."

"Hoeveel van hierdie bedrag is belasting? Aangesien ons baie van ons petrol van koolstof kry, behoort ons petrolprys nie meer stabiel as ander ontwikkelende lande te wees nie? Of lag Sasol al die pad na die ANC-bank?" skryf ene Liz.

"Botswana en Namibië koop hul petrol by ons, maar hulle petrolpryse is laer. Ek dink die ANC steel van ons," skryf Stephen Rams.

In 'n 2007-artikel op *Fin24* het die joernalis Vic de Klerk vertel van die

Of lag Sasol al die pad na die ANC-bank?

meer lagwekkende samesweringsteorieë wat *Fin24* op daardie stadium ontvang het. Soos een persoon wat beweer het die verhogings word gebruik om 2010-sokkerstadions te finansier, en 'n ander wat beweer het die geld word gebruik om geheime vulstasies vir minibustaxi's te subsidieer.

"DIE [PETROLPRYS-FORMULE] is daar en word toegepas. Daar is geen komplot nie," sê Ryk van Niekerk, redakteur van *Moneyweb*.

"Daar word daagliks in die koerante syfers gepubliseer wat die onder- en oorverhaling op die petrolprys toon."

Een so 'n voorbeeld is *Sake24*, die sake-afdeling van *Media24* se Afrikaanse koerante. *Sake24* publiseer 'n klein inligtingkassie op hul voorblaaie met die verskillende petrol- en dieselpriese in die land saam met die onder- en oorverhaling op daardie pryse. Hierdie inligting word deur die Departement van Energie (DME) verskaf.

"Volgens Mike Schüssler (hoof-ekonoom van *Economists.co.za*) is die

petrolprys-formule 'n geheim, maar kan almal dit maklik bepaal," sê Van Niekerk.

Schüssler bedoel hiermee dat die Sentrale Energiefonds, wat die taak het om die petrolprys vas te stel, nie die volledige berekening bekendmaak nie. Nietemin, op die DME se webwerf is daar 'n verduideliking van die prysstruktuur en metodologie, asook die pryse van die verskillende komponente van petrolprys vir elke maand.

"Die departement van energie is deursigtig wat betref die syferberekeninge," sê Francois Williams, Wes-Kaapse redakteur van *Sake24*.

"[Die DME] verskaf gewoonlik 'n persverklaring waarin hulle die redes vir 'n prysverandering staaf, maar ek sal dan op *Bloomberg* en *Reuters* gaan kyk of the Brent-ruolieprys en die rand-dollar-wisselkoers in lyn is."

Volgens Williams is raffinaderye se werklike winsmarge op die brandstof wat hulle verkoop 'n geval waar die stelsel ondeursigtig is. "Die petrolprys word vasgestel asof ons petrol invoer van Singapoer en Europa, terwyl die Shell-raffinadery in Milnerton miskien petrol veel goedkoper van Venezuela kan invoer."

Die raffinadery kan hul wins op dié manier rek, maar omdat die inligting kommersieel sensitief is, word dit nie bekend gemaak nie.

Williams sê hy glo nie daar is 'n gekonkel tussen oliemaatskappye en die regering met die petrolprys nie. "Die oliemaatskappye vra dikwels die regering om hul marge te verhoog en die Mededingingskommissie ondersoek kort-kort samespanning tussen oliemaatskappye met die verkoop van olieprodukte en diesel."

TALLE MENSE kla op nuuswebwerwe dat die regering meer belasting insamel wanneer die petrolprys styg. Hulle maak hierdie bewering, omdat hulle glo dat die belasting wat ons op petrol betaal 'n persentasie van die petrolprys is. Byvoorbeeld, as die petrolprys R9 per liter is en die petroltarief 10% van die petrolprys is, sou ons 90c belasting betaal, maar as die petrolprys tot R10 styg, sou die belasting tot R1 styg.

Dit is egter nie die geval nie. "Die belasting op petrol word een keer per jaar vasgestel en dit word vasgestel as

WAAR-HEEN GAAN DIE GELD?

53,1%
BASIESE PETROL-PRYS EN HEFFING

27,9%
BELASTING

19%
KLEINHANDEL-MARGE EN DISTRI-BUSIE

sent per liter. So die belasting wat 'n mens betaal, is nie 'n persentasie wat saam met die maandelikse prys op- of afgaan nie," sê Williams.

'n Ander algemene misverstand is dat Suid-Afrikaanse petrol goedkoper behoort te wees, omdat Sasol die meeste van ons olie plaaslik uit steenkool vervaardig, wat baie goedkoper is.

Williams sê dit is nie heeltemal waar nie. Sasol vervaardig nie die meerderheid van ons petrol nie, maar slegs 30%. Teoreties kan ons petrol daarom goedkoper wees, maar omdat die petrolprys in Suid-Afrika geregleer is, kan Sasol (al wou hulle) nie die petrol goedkoper verkoop nie.

"[Sasol] word bevoordeel, want steenkoolpryse is goedkoper as oliepryse

Dis nogal 'n ingewikkelde formule en al wat die publiek wel nodig het om te weet is dat die olieprys en die wisselkoers 'n groot rol speel

en dit word nie heeltemal deur dieselfde faktore beïnvloed nie. So hulle kan groot winste maak as die olieprys kwaal styg."

Sommige mense glo daarom dat die petrolprys gedereguleer moet word (soos in die geval met diesel), omdat die petrolprys dan volgens hulle laer sal wees. Williams sê dit mag aanvanklik die geval wees, omdat vulstasies sal meeding om die goedkoopste petrol te verkoop.

Oor die langtermyn sal motoriste egter dalk meer moet opdok, omdat kleiner vulstasies wat nie teen die laer prys kan meeding nie, die mark sal verlaat, wat die weg sal baan vir groter vulstasies om pryse te verhoog.

"EK DINK daar is baie dinge waaraan

die media te min lugtyd gee, maar die petrolprys is nie een van hulle nie," sê Van Niekerk.

Volgens Van Niekerk moet die gesprek in die media fokus op hoe die formule verander kan word sodat die petrolprys goedkoper kan wees, eerder as die moontlike misleiding wat plaasvind waarvoor daar geen bewyse is nie.

"'n Mens kan altyd iets verbeter," sê Smith van Fin24. Volgens haar kan sakejoernaliste meer patrone of tendense identifiseer asook die plaaslike en buitelandse petrolpryse met mekaar vergelyk.

Williams meen ook die media doen nie eintlik genoeg om mense in te lig nie. "Ons sal so nou en dan, minstens

een keer 'n jaar, 'n grafiek publiseer wat uiteensit hoe die petrolprys saamgestel word. Mense vergeet egter gou.

"Ons doen nie altyd die moeite om dieper te delf of te verduidelik wat presies op die prys inwerk nie."

Williams sê hulle kan om praktiese redes nie altyd dieper delf nie. "As ons dit elke keer moet doen, neem dit plek.

"Mense kan die wisselkoers en olieprys volg wat elke dag gepubliseer word, maar daar is 'n saak daarvoor uit te maak dat ons die formule meer gereeld moet verduidelik."

Dawie Roodt, hoofekonoom van Efficient Group, sê hy is nie bekommerd dat die publiek 'n gebrekkige kennis van die petrolprys-formule het nie. "Dis nogal 'n ingewikkelde formule en al wat die publiek wel nodig het om te weet is dat die olieprys en die wisselkoers 'n groot rol in die bepaling van die petrolprys speel."

Roodt sê hy weet nie hoe beriggewing oor die petrolprys verbeter kan word nie.

Volgens Roodt het sakejoernaliste oor die algemeen 'n gebrekkige kennis van finansiële onderwerpe, maar hy sê: "Dit maak nie juis saak nie, want hulle kan mos by kenners aanklop!"

HOE WERK DIE PETROLPRYS NOU EINTLIK?

DIE PETROLPRYS word deur die regering gereguleer en dit verander op die eerste Woensdag van elke maand. Die prys word deur die Sentrale Energiefonds namens die Departement van Energie (DME) bereken.

Volgens die Suid-Afrikaanse Petroleumbedryfsvereniging(Sapia) kan die petrolprys in 'n internasionale en 'n plaaslike komponent verdeel word. Die internasionale komponent is die basiese brandstofprys (BFP) wat 53,1% van die petrolprys verteenwoordig.

Volgens die DME is die BFP veronderstel om 'n realistiese en markgedrewe weerspieëling te wees van die koste om petrol na Suid-Afrika in te voer. Die BFP word bereken asof Suid-Afrika die helfte van sy petrol van die Mediterreense gebied invoer en die ander helfte van Singapoer.

Die BFP bestaan uit die internasionale prys vir petrol, gekwoteer in Amerikaanse dollars, plus ander kostes om die petrol na Suid-Afrika te vervoer soos: vraggeld, versekering, lêgeld, kustariewe ens.

'n Verandering in die petrolprys is hoofsaaklik weens 'n verandering in die BFP. Die twee faktore wat die BFP beïnvloed, is (1) die Brent-ruolieprys, omdat dit die toonaangewende prys vir internasionale petrolpryse is, en (2) die rand-dollar-wisselkoers, omdat die internasionale petrolpryse in dollar gekwoteer word.

Die plaaslike komponent bestaan uit faktore soos: verspreidingskoste, groothandel en kleinhandel-winsgrense (19% van die petrolprys) en belastinge (27,9% van die petrolprys) wat bestaan uit die petrol- en die Padongelukkefonds, en doeane en aksynsbelasting.

Vir 'n volledige verduideliking van die petrolprys-formule besoek die Departement van Energie se webtuiste by: http://www.energy.gov.za/files/petroleum_frame.html

SKAKELWESE – LAND VAN MELK EN HEUNING?



Sedert die aanvang van die digitale era is gedrukte koerante en tydskrifte in 'n penarie gedompel. Vandaar dat al hoe meer joernaliste na skakelwese beweeg. **Amber Kriel** het met oud-joernaliste oor hul skuif na die sogenaamde Donker Kant gesels.

Daar is 'n ou grappie in joernalistieke binnekringe wat lui: "Dis okay. As ek my werk verloor, word ek net 'n gladdebek woordvoerder." Joernaliste trek dikwels hul neuse op vir hul kollegas wat na die skakelwese, of Openbare Betrekkinge (OB) soos dit beter bekend staan, beweeg.

In 'n tyd waarin die digitale wêreld besig is om die tradisionele drukmedia oor te neem, moet al hoe meer werkende joernaliste 'n ander heencome vind. Ander besluit bloot hulle is lus vir 'n nuwe uitdaging en daarom veruil hulle die joernalistieke milieu vir dié van korporatiewe kommunikasie.

Emma de Villiers, 'n voormalige nuusleser en TV-joernalis by eNews Channel Africa, werk nou as 'n kommunikasie-spesialis vir Unicef. In haar dae as joernalis het sy baie met dié organisasie te doen gekry.

"Ek het begin navorsing doen oor die organisasie en het besef dit sal my die geleentheid gee om deel van 'n internasionale organisasie te wees wat 'n werklike en meetbare impak op kinders se lewens maak. Ek wou deel wees van die verandering en ek wou intellektueel meer gestimuleer word.

"In my nuwe werk voel ek ook meer vrymoedig om my 'menswees' uit te leef. Dit was by tye vir my moeilik as joernalis

om 'hard' op te tree wanneer die sagter kant van my eintlik glad nie die persoon wou wees wat op iemand se privaatheid indring nie," verduidelik sy die rede vir haar skuif.

Karen Breytenbach, wat ses jaar lank die *Cape Times* se hofverslaggewer was, erken sy "was mal daarvoor om 'n joernalis te wees". Sy het egter in 2009 ook die skuif na die skakelwese gemaak. "Die poste het minder geraak met dié

**Dit was by tye vir
my moeilik as
joernalis om
'hard' op te tree**

dat groot media-maatskappye tydens die resessie in 'n krisis was. Ek het nie geweet wat die toekoms inhou nie."

Siyavuya Madikane, voormalige joernalis by die tydskrif *Forbes Africa*, werk nou by die adverteerstemaatskappy *Ogilvy*. Hy skroom nie om te sê sy joernalis-salaris was 'n groot rede waarom hy die joernalistiek vaarwel geroep het nie. "Toe ons graad gevang het, het Media24 se uitvoerende hoof, Esmaré Weideman, vir

ons gesê joernalistiek is die beste werk in die wêreld, dit betaal net nie goed nie. En sy was reg."

Hy draai ook nie doekies om wanneer hy vertel wat hy van die stand van die joernalistiek in Suid-Afrika dink nie. "Joernalistiek is verkoop aan adverteerders. Dit is nie meer 'n onafhanklike stem wat daarna streef om die waarheid te praat nie. Joernaliste sensor hulsself nou om die guns van mense met mag te wen."

Mohamed Shaikh, senior direkteur kommunikasie en skakeling van die Universiteit Stellenbosch, is versigtig om te veel van sy persoonlike redes vir dié skuif te verklap. "Soms word jy aanbiedinge gemaak wat jy moet oorweeg; ander kere kyk jy na jou persoonlike omstandighede."

Shaikh, wat al langer as dertig jaar in die kommunikasiebedryf is, het sy loopbaan in die drukmedia begin. Daarna was hy by die SAUK, voordat hy twee radiostasies bestuur het.

"Joernaliste werk baie ongereelde ure en wanneer jy eers trou en kinders kry, begin jy dink dalk is dit beter om dit waarvoor jy 'n passie het, skryfwerk en kommunikasie, in 'n ander opset te beoefen," verdedig hy sy besluit om joernalistiek agter te laat.

Bun Booysens, tans redakteur van *Die Burger* en voormalige redakteur

Ek mis dit om wakker te word en om op 'n storie uit te gaan, om daardie storie na te jaag, om dit te tik en om te sien dat dit gepubliseer word [...].

van die reistydskrif *Weg!*, het vroeg in sy loopbaan vir 'n paar jaar dié skuif gemaak.

Booyens meen dit is nie souseer 'n geval dat 'n joernalis ryk wil word wanneer die skuif gemaak word nie, maar dat joernaliste ook vir hul gesin wil kan voorstaan. "Teen die ouderdom van 27 rond raak 'n joernalis bewus daarvan dat hy finansiële by sy portuurgroep agtertraak. Hulle maak die skuif na die skakelwese nie om ryk te word nie, maar om ook finansiële meer stabiel te wees."

DIT BLYK die skuif van die joernalistiek na die skakelwese verseker 'n meer stabiele toekoms, maar als is nie altyd maanskyn en rose nie. De Villiers gee toe sy mis die adrenallien van nuuslees en "die ongelooflike storievertellers wat my lewe so verryk het".

Maar sy kyk nie met spyt terug nie. "Joernalistiek is immers deel van 'n mens se wese. Dit kan nie vasgevang word in 'n publikasie of 'n uitsaaiër nie. Dan is jy bloot 'n verslaggewer. Ek mis dus glad nie die joernalistiek nie – dis nog deel van my."

Madikane mis nie die joernalistiek nêr vir die werk nie, maar ook vir die leefstyl. "Ek mis dit om wakker te word en om op 'n storie uit te gaan, om daardie storie na te jaag, om dit te tik en om te sien dat dit gepubliseer word en om mense te hê wat my bel om te sê hulle het iets gelees wat ek geskryf het."

Booyens het net voor die nuwe millennium weer na die joernalistiek teruggekeer. Hy sê die "bevrydende gevoel van geen langtermyn-stres" het hom teruggetrek. " 'n Spertyd is mities en twak. Daar is niks lekkerder om na 'n dag by 'n dagblad se nuuskantoor uit te stap en te weet jou werk is klaar tot môre nie."

Hy erken prontuit hy het die adrenallien, wat saam met die pligte van 'n joernalis gaan, gemis. "Soos die gesegde lui: Skoemaker hou jou by jou lees. Wanneer jy 'n belangstelling in die regte het, dan word jy 'n prokureur. Dieselfde was my geval. Ek hoort in die



verslaggewing."

Breytenbach beaam dit. Wat sy die meeste van haar dae as joernalis mis, is om op 'n spesifieke storie te fokus en om op 'n spesifieke beat te werk. "Dit laat 'n mens toe om diep in 'n storie te delf." Sy verlang ook soms na die adrenallien en gevoel van *living on the edge* wat met die joernalistiek gepaardgaan.

Shalkh is egter oortuig dat die ooreenkomste tussen joernalistiek en die skakelwese "ongelooflik sterk" is en daarom verlang hy nie terug na sy dae as verslaggewer nie.

